

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**HOUTWERK SG
(Eerste Vraestel: Tekene)**

TYD: 3 uur

**OCTOBER / NOVEMBER 2005
OKTOBER / NOVEMBER 2005**

PUNTE: 100

BENODIGHEDE:

- Tekene-antwoordboek (720-2X) met drie A3-antwoordvelle
- Tekeninstrumente

INSTRUKSIES:

- Die eksamenvraestel bestaan uit VIER vrae.
 - Al die vrae is VERPLIGTEND.
 - Na afloop van die eksamen moet jy jou antwoordvelle in numeriese volgorde in die boonste linkerhoek vaskram.
 - Jou eksamennommer moet in die linker onderste hoek van elke antwoordvel geskryf word.
 - Gebruik jou eie oordeel waar afmetings en/of besonderhede uitgelaat is.
-
-

VRAAG 1

Figuur 1 op bladsy 6 van hierdie eksamenvraestel toon ? isometriese aansig van ? **servetring**. Die vierkantige gat is in die middel van die vyfkantige prisma geplaas.

1.1 Teken volgens ? skaal van 1:1, in **derdehoekse ortografiese projeksie**, die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig in die gegewe spasies op antwoordvel 1.

1.2 Dui die volgende afmetings op die vooraansig aan:

(a) Die hoogte van die vyfkantige prisma

(b) Die hoogte van die vierkantige gat

(c) Die lengte van die onderste sy van die vyfkant

1.3 Toon die projeksiesimbool.

[16]

VRAAG 2

Figuur 2 op antwoordvel 1 toon, in eerstehoekse ortografiese projeksie, die vooraansig en bo-aansig van ? **servethouer**.

Projekteer, meet en teken ? **hulpaansig** soos gesien in die rigting van pyl **P** op die hulp-vertikale vlak op antwoordvel 1.

[14]

VRAAG 3

Figuur 3 op bladsy 7 van hierdie eksamenvraestel toon die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig van ? **voegkonstruksie** in eerstehoekse ortografiese projeksie.

3.1 Teken op antwoordvel 2, volgens ? skaal van 1:1, ? **isometriese aansig** van dele **A**, **B** en **C** los van mekaar, maar in ? posisie om in mekaar te skuif op die isometriese asse.

• Toon die versteekte besonderhede op deel **C**.

• Die dele mag nie oorvleuel nie.

• Gebruik hoek **D** vir die plasing van deel **A**. Sien antwoordvel 2.

[35]

VRAAG 4

Figuur 4 op bladsy 8 van hierdie eksamenvraestel toon ? isometriese aansig van ? kabinet.

Afmetings en addisionele inligting:

- **Die spieëlraam:**

- Totale afmetings: 400 mm x 400 mm.
- Die raam is 40 mm breed en 20 mm dik.
- Die spieël is 5 mm dik en pas in ? sponning van 15 mm diep in en word met ? 10 mm x 10 mm-kraallys bevestig.
- Die hulptekening toon die detail van die spieëlraam-stutte.

- **Die laai-romp:**

- Alle hout is deurgaans 20 mm dik.

- **Die laaie:**

Die linkerkantse laai is verwyder om detail te toon.

- Die laaie se diepte is gelyk aan die diepte van die laai-romp.
- Die voorkante van die laaie is 20 mm dik.
- Die sykante en agterkante is 15 mm dik.
- Die agterkante is 20 mm laer as die sykante.
- Die bodems, wat 5 mm dik is, pas in ? groef en loop met die hele lengte van die laai langs.

- **Die kabinet-romp:**

- Alle hout is deurgaans 20 mm dik, behalwe die agterste paneel wat 5 mm dik is.
- Die agterste paneel pas in ? sponning en is nie sigbaar van die kant af nie.
- Die blad het ? oorhang van 25 mm, voor en langs die kante.

- **Die deur:**

- Die relings en style is 60 mm breed en 20 mm dik.
- Die laaghout-panele is 5 mm dik en pas in ? groef wat 10 mm diep is.

Teken, op antwoordvel 3, volgens ? skaal van 1:5, in eerstehoekse ortografiese projeksie

4.1 die vooraansig

4.2 die deursnee linkeraansig op snyvlak **YY**, met die laai en deur in die toe posisie.

[35]

TOTAAL: 100

FIG. 1

NAPKIN RING
SERVETRING

FIG. 3

JOINTS
VOEË




FIG. 4


CABINET
KABINET

END / EINDE

CANDIDATE'S NUMBER / KANDIDAAT SE NOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN



OCTOBER / NOVEMBER
OKTOBER / NOVEMBER

2005

WOODWORK
HOUTWERK

First Paper: Drawing
Eerste Vraestel: Tekene

SG

720-2/X

DRAWING ANSWER BOOK
TEKENE ANTWOORDBOEK

3 pages/bladsye

	PNS / PTE	M / N	HM / HN
QUESTION / VRAAG 1	16		
QUESTION / VRAAG 2	14		
QUESTION / VRAAG 3	35		
QUESTION / VRAAG 4	35		
TOTAL / TOTAAL:	100		



PERCEPTION / INSIG

• Placing / Plasing	4	
------------------------	---	--


GENERAL / ALGEMEEN

• Lines / Lyne	8	
• Hidden detail of C / Versteekte besonderhede van C	18	

ACCURACY / AKKURAAHEID

• Part A / Deel A	36	
• Part B / Deel B	27	
• Part C / Deel C	12	

TOTAL / TOTAAL:	105	
	÷ 3	35



D

EXAMINATION NUMBER / EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

JOINTS / VOEË

**QUESTION 3
VRAAG 3**

PERCEPTION / INSIG

• Views drawn / Aansigte geteken	4	
-------------------------------------	---	--

GENERAL / ALGEMEEN

• Lines / Lyne	3	
• Hatching / Arsering	17	

ACCURACY / AKKURAATHEID

• Front view / Vooraansig	62	
• Sectional left view / Snit-linkeraansig	54	

TOTAL / TOTAAL:	140	
	÷ 4	35

EXAMINATION NUMBER / EKSAMENNOMMER											

CABINET / KABINET

**QUESTION 4
VRAAG 4**